YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM™

www.forumtydskrif.co.za | Desember 2015

AfriForum Tydskrif

# Selfdoen is beter as niksdoen

#selfdoen



**AfriForum Jeug**
staan op teen kampusgeweld

**Veldtog**
Weg met Panyaza Lesufi

**Plaasmoorde**
Petisie na VN

**Helpmekaarplan** vir Afrikaners

**AfriForum**
wen oor straatname

ISSN 2313-1144
9 772313 114002

R 15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

**Tainted Heroes**-dokumentêr

**2 000** bome geplant



# Selfdoen is beter as niksdoen!

Kallie Kriel is die uitvoerende hoof van AfriForum

@afriforum

Misdaad, korrupsie, wanbestuur en die miskenning van minderhede is maar 'n paar van die sake wat in 'n mens se gedagtes opkom wanneer jy nadink oor die bedreigings wat ons tans in die land moet trotseer. Na my mening is daar egter 'n baie groter bedreiging wat nie so voor die hand liggend is nie, naamlik apatie en niksdoen.

**DIE NIKSDOEN-OPSIE IS REEDS DEUR MINDERHEDE IN ZIMBABWE GETOETS EN DIE RESULTAAT IS DAAR VIR ALMAL OM TE SIEN.**

Die rede hiervoor is dat 'n gemeenskap se apatie en 'n niksdoen-houding aan sowel misdadigers as die owerheid die groen lig gee om hul plunderwerk voort te sit, wat uiteindelik tot nog groter probleme aanleiding gee. Die niksdoen-opsie is reeds deur minderhede in Zimbabwe getoets en die resultaat is daar vir almal om te sien. Toe die bedreigings teenoor minderhede in Zimbabwe begin kop uitsteek, het baie boere daar gehoop dat dit bloot politieke retoriek was en apaties gebly. Die regerende elite het dié apatie as 'n teken van swakheid gesien en dit het die Mugabe-regime die ruimte gebied om die land op 'n pad van agteruitgang te stuur. Daarom is niksdoen nie vir AfriForum 'n opsie nie.

Die vraag is dus wat ons kan doen om die probleme in ons gemeenskappe, dorpe en land aan te pak. Natuurlik moet ons in verkiesings vir 'n ander party stem as die een wat tans ons dorpe die afgrond in bestuur. Die werklikheid is egter dat die huidige magshebbers waarskynlik nog vir 'n onbepaalde tyd in beheer van baie dorpe en die land sal wees. Tweedens kan ons die owerheid verantwoordbaar hou, soos bewys is met die tientalle hofgedinge wat AfriForum met sukses teen munisipaliteite en die regering gevoer het. Hierdie aksies is belangrik en hoewel AfriForum dit verder gaan uitbrei, is meer nodig.

Die meer blywende antwoord lê daarin dat ons mense en plaaslike gemeenskappe 'n selfdoenvermoë moet ontwikkel sodat ons ons probleme selfstandig die hoof kan bied. Dit is bevrydend en gee mens hoop vir die toekoms as jy hierdie kopskuif maak en besef dat ons toekoms nie in die hande van die Zuma-regering is nie, maar in ons eie selfdoenhande en genade van Bo. Soos Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging (SB) dit treffend stel: 'n Gebrek aan politieke mag beteken nie dat ons magteloos is nie.

Die krag van 'n selfdoenbenadering is tydens AfriForum se *10 Dae van Selfstandigheid*-projek bevestig. 'n Sterk boodskap is aan misdadigers en die owerheid gestuur toe gemeenskappe landwyd onder leiding van AfriForum se plaalike takke onder meer massapatrollies teen misdaad gereël het en self dorpe se infrastrukture op verskeie terreine herstel het. Lees gerus meer in dié uitgawe van *Forum* van al die sukses wat ons tot dusver behaal het. Natuurlik is dit eerstens die owerhede se werk om dorpe te onderhou en verbeter. In verskeie plekke het ons inderdaad saam met die owerheid gewerk, maar wanneer die owerheid nie wil of kan saamwerk nie, doen ons dit self en eis die geld daarvoor terug. AfriForum het reeds op verskeie plekke met sukses geld teruggeëis vir werk wat ons takke gedoen het omdat munisipaliteite dit nie kon doen nie. Dit is immers ons lede se belastinggeld wat ook in hulle belang aangewend moet word.

Die *10 Dae van Selfstandigheid* was maar net die begin en AfriForum werk reeds daaraan om hierdie aksies uit te brei sodat ons op baie meer terreine selfstandig na ons eie belange kan omsien. Hierdie aksieplanne is vervat in die Helpmekaar 2020-toekomsplan wat tydens die SB se Toekomsberaad op 10 Oktober 2015 in Pretoria bekendgestel is. Lees meer hieroor op bladsy 14.

Sterk burgerlike instellings soos AfriForum en die ander SB-instellings is voorvereistes vir die suksesvolle uitvoering van dié selfstandigheidsplan. Daarom bedank ek u en ander AfriForum-lede vir u ondersteuning. Dit is lede wat AfriForum sterk maak.

Gemeenskapsleiers en 'n betrokke gemeenskap is 'n verdere vereiste vir die uitvoering van dié selfdoenplan. Die besture en ander betrokkenes by AfriForum-takke verdien ook dank vir die rol wat hulle reeds gespeel het en gaan speel om ons selfstandigheid uit te bou. Daar word baie gekla dat Afrikaners nie 'n leier het nie. Diegene wat by AfriForum se selfdoenprojekte op plaaslike vlak betrokke is, is egter almal leiers in eie reg. Dit beteken dat ons reeds talle leiers het wat hard aan die werk is. As die uitdaging te groot raak, onthou dat talle kleiner dade saam 'n groot verskil maak.

Ek nooi graag almal uit wat nog nie aan AfriForum se selfdoen-aksies deelneem nie, om deel te word van die groeiende aantal mense wat inspring om self 'n beter toekoms te help bou. **Selfdoen is immers baie beter as niksdoen!**